

# Verlossing en God se soewereiniteit (2)

*It is Christ Himself, not the Bible, who is the true word of God. The Bible, read in the right spirit, and with the guidance of good teachers, will bring us to Him – C. S. Lewis*

## Verlossing en God se soewereiniteit (2)

Christopher J. H. Wright (*Salvation belongs to our God*) het 'n uitstekende oorsig van verlossing gegee. Ons kyk vandag verder na verlossing en God se soewereiniteit.

### *God se kosmiese eienaarskap*

Uit Deuteronomium 10:14 het ons gesien dat die heelal aan God behoort – alles. *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here (Psalm 24:1); Die dieptes van die aarde behoort aan Hom, die kruine van die berge is Syne. Die see is Syne, Hy het dit gemaak; sy hande het die land gevorm (Psalm 95:4 – 5).*

Dit hou implikasies vir ons in.

- As die aarde aan God behoort, beteken dit dat ons slegs huurders/rentmeesters is. Daarom hou God ons verantwoordelik vir hoe ons sy aarde gebruik en bestuur.
- Wat vir God oor eienaarskap geld, geld ook vir Jesus Christus: *God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak (Hebreërs 1:2).* Waar ons dan in Jesus Christus se Naam gaan om die goeie nuus te verkondig, beweeg ons op sy eiendom.

### *God se kosmiese soewereiniteit*

God het gesag oor alle magte en kragte in die heelal – materieel en geestelik. Dieselfde geld ook vir Jesus Christus: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde (Matteus 28:18).* Paulus sê dat ten spyte van al die ander aansprake is

*daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe (1 Korintiërs 8:6).*

God het al die gode onttroon. Hy nooi almal wat hierdie gode aanbid het uit om na Hom te kom om verlos te word.